

2 April '2000

Beste Dominee Seegers,

1. Ek rig hierdie skrywe na aanleiding van u oggenddiens op 2 April oor Efesiërs 5. Ekself worstel al vir baie lank oor die onderwerp van onderdanigheid, die huwelik en meer spesifiek God se wil en riglyne In hierdie verband. (Ek moes die oggenddiens so driekwartpad verlaat weens die feit dat my kinders die diens ontwrig het)
2. Alhoewel ek seker nooit alles sal verstaan nie, het ek wet al 'n indrukwekkende hoeveelheid boeke bestudeer, na seminare, praatjies, en preke deur beroemdes en minder beroemdes geluister (sommige 'heavy' geleerdes), en baie oor die onderwerp gesels (mens sal seker kan se met passie) Ook het ek self toegepas wat In die woord van God staan en met verwondering gesien hoe die Gees van God my en my huisgesin aanraak.
3. Ek verstaan uit u preek dat ons (mans en vrouens) uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees.(Ef. 5:21 ).- Ons doen alt alles. Uit eerbied vir Christus en nie vir mekaar nie. Synde prakties van aard wonder ek nou oor die volgende - Dit hoort so, en, is 'n wonderlike gedagte, en klink goed, maar hoe op aarde pas ek dit toe?
4. Ek dink die wêreld lyk vreeslik mooi as man en vrou beide die Here ken, elkeen 'n oulike werk het, en ons bly in die regte woonbuurt in die dorp.(Natuurlik betaal die werkies goed genoeg om al die rekeninge maandeliks sonder die geringste moeite te betaal). Ook is die kinders in die beste skool in die dorp, en daar is vrede en harmonie in die huis. Pa help natuurlik fluks elke middag as hy van die werk af kom om die wasgoed te was, die kinders te bad en die kos te maak (ons is mos nou moderne mense, alla kragtie, dinge hoort so) Tydens aandete haal pa die onderwerp op van 'n nuwe ou rydingetjie' (Ek bedoel ma het mos verlede maand 'n nuwe naaimasjien wat so oulik borduur gekry- sy het ook sommer hope tyd om te sit en speel op die ou nuwe speeldingetjie.) Pa wissel gemoedelik gedagtes met ma oor of die karretjie rooi of blou moet wees {natuurlik bly die atmosfeer deurgaans gemoedelik (pa weet mos dat Ligblou ma se gunsteling is - was dit dan nie die kleur van hulle troue nie?) Pa besluit dan ook gepas dat ligblou 'n alte fraai keuse sal wees. Natuurlik gaan kruipe ma styf agter pa se rug in na die 10 uur fliet (ma is nie moeg nie,) en omdat pa behoeftetjies het, en ma is baie sensitief daarvoor, gaan slaap hulle eers nadat daardie behoeftetjies bevredig is...

5. U en ek weet egter dat dinge nie so werk nie. Inteendeel, met hoeveel mense gaan dit tog ook nou so, per slot van sake. (Wie hou tog nou van sukkel?) Die Piete wat ek ken is ietwat lui, (sommiges heelwat), " ek weet daar is ook mooi, jonk, ryk, slim, sterk en fluks Piete, maar ek loop hulle nie baie gereeld raak nie) Ander Piete raak werkloos, sommige lei aan depressie, ander drink, sommige (deesdae heelwat) knyp die kat in die donker (ek bedoel, mens se vrou is mos nie daar vir sulke dinge nie, soos een ou sê), en nie alle Piete ken en dien die Here nie. Die woede uitbarsting, kindermolestering, emosionele afpersing, haat, bitterheid, onvergewensgesindheid en die eindelose lys van negatiewe dinge waarmee ons gewone mense elke dag gekonfronteer word, verander hierdie idilliese prentjie feitlik in alle (die meeste?) huise.
6. Ek vra altyd myself die vraag af waarom die satan nooit van strategie verander nie. (Mens hoor mos dieselfde storie oor en oor) Die wat my al goed ken, verskaf al die antwoord vir my " Want sy ou strategie werk so goed, dis hoekom. (iewers gehoor- niks oorspronklik nie)
7. Nou luister ek na hierdie idilliese gedagte (as vrou) " Dat my man my moet liefhê en respekteer, my belange op die hart moet dra, en daarom sal ek ook sensitief wees vir sy behoeftes, en ons gaan aan mekaar onderdanig wees, en natuurlik vreeslik gelukkig wees.
8. Ek het gewonder waarom daar 9 keer in die nuwe testament staan dat 'n vrou aan haar EIE man onderdanig moet wees. Ek het die woord van voor tot agter bestudeer (omdat my nood en die vrouens rondom my se nood baie hoog was of is) Ek het gewonder wat die woord onderdanigheid beteken, en ek het die Gees gevra om my te lei
9. U sien, ek het gewoonlik hierdie tipe van gesprek gehad met die Here:  
 "Here, ek is so moeg. Kyk wat doen my man. My huishouding is in chaos, my kinders is in twee geskeur oor al ons bakleiery. My man dien u nie. Hy kan nie met geld werk nie. Hy is selfsugtig, lui en egosentries. Ek hou nie eers van hom nie- Kan om die waarheid te se nie eers sien dat hy 'n opvoeding van watter aard ook al gehad het nie Ek het die verkeerde keuse gemaak," en so aan en so aan.

Ook die volgende gesprek :

"Kyk byvoorbeeld na my vriende Here, kyk wat doen haar man. Hy drink en slaan haar, en sit 'n geweer teen sy kop om homself te skiet voor die kinders. Hy druk die seuntjie se kop in die toilet af as hy kwaad is. Watter regdenkende mens laat sulke dinge toe? Waarom moet ons tog so ly"

10. Die Here het by herhaalde kere dieselfde antwoord vir my gehad. En dit is nie wat my man doen nie, maar wat EK doen. U sien, dis nie hy wat moes verander het nie, maar ek. Ek het die Here gevra om my sag en liefdevol te maak, en te wys wat ek moet doen (ook wat onderdanigheid is) Die belangrikste les wat ek geleer het is die volgende: Die Here kan en sal NIE teenstrydige opdragte vir enige mens gee NIE.
11. Ek het gewonder wat het gemaak dat 'n koning van Indië so lief was.-vir vrou dat hy tempel vir haar gebou het, (die Taj Mahal- verskoon die Indiese spelling) Ook het ek (onder meer) gewonder waarom Lady Di nie haar man se aandag kon behou nie.
12. Dit vat my dus nou al amper 2 en halwe bladsye om by die punt te kom (ek hou dit steeds so kripties moontlik)
13. Die Woord van God leer ons tog spesifiek dat God die Vader die Hoof is van Christus, en dat die man die HOOFT is van die vrou. (1 Kor. 11 :3)(volgorde omgedraai)
14. Kom ek raak weer prakties. Ek het 'n baas by die werk wat reken dis blink plan om iets te doen waarmee ek GLAD nie saamstem nie. Na eindelose geredekawel sê die baas dis nou basta, en klaar gepraat , hy weet ek stem nie saam nie, maar ons gaan nou in elk geval so doen soos hy se, want hy se so, en hy is die baas. (Ek weet nie van die nuwe suid Afrika nie, maar is dit nie hoe dinge gewerk het in die ou Suid-Afrika nie?)
15. Of ek woon in oggend Bybelstudie half vyf in die oggend by vir twee jaar, en ewe skielik besluit my man ek mag nie meer nie.(Ek bedoel, dis mos nou darem 'n verdienstelike saak, of nie? Ek aanbid dan die Here) Wat doen ek nou? Sê vir die man van die huis : Maar jy is nie lekker nie, hoekom moet ek na jou luister? Wie is jy nou per slot van sake, ek kan mos self besluit? Ek is mos nou nie van nature af die onderdanige tipe nie. Dis mos nou belaglik, verstaan tog ek het dit nodig. Die woord sê tog ons moet nie die gesamentlike byeenkomste van gelowiges afskeep nie.
16. Of God die Vader gee opdrag aan Sy Seun, en Sy Seun wil dit nie doen nie.? In God se Koninkryk, (net soos in satan se koninkryk) is daar ORDE. Die orde het tog nie iets uit te waai met wie is belangriker as wie nie(die man of die vrou?) Dit is tog daar vir praktiese ORDE.

17. Daar is tog reëls by enige spel betrokke, dan nie? Ek wil ook nie redekawel oor of die man die kinders moet bad, of vrouens moet werk, of die man of vrou die geldsake moet bestuur in die huis nie. Die punt is dat die moderne mens so vasgeval is in humanistiese denkpatrone. Ek het die REG op 'n opinie" dat MY wil ook moet geld, en dat ek as vrou bv. iets MAG doen al sê my man anders.
18. Die vraag wat gevra moet word is wat leer die Evangelie ons oor die huwelik en vroue in die huwelik. Is mans en vrouens vennote ? Daar is tallose argumente, soos bv. dat die huwelike van ons voorouers nie werklik gelukkig was nie. - die vrou moes net stilbly en daarom het die huwelike gewerk, en as die vrou beter as die man met geld werk, dan moet sy dit tog doen (dis mos nou logies of hoe man?) en "My vrou is 'n dokter en verdien die geld, en ek bly by die huis en kyk na die kinders (als werk wonderlik) om net 'n paar dinge op te haal. Dan sien ek ook huwelike waar pa die huis is, en ma doen alles(Dit werk wonderlik, solank pa net nie 'n golfie maak nie)(Pa neem gelukkig die gedeelte oor onderdanigheid ernstig op (ons is dankbaar, en wil hom net graag 'n kloppie op die skouer gee-ek bedoel, iemand moet die knie buig) Ons kan darem nie van pa verwag om die broek in die huis te dra nie (ma is nou eenmaal beter met hierdie tipe ding jy weet - sy maak so 'n sukses van haar loopbaan - het 'n direkteur verlede week geword (In Finansies nogal) Soveel talent, mens kan mos nie van haar verwag om by die huis te sit nie ?
19. Wat ek nou wil weet, is wat het geword van die HOOF, koning en profeet van die huis ? Waar is God se ORDE ? Of het God se Seun vir Sy Vader gesê dat hy nie hierdie opdrag om mens te word wil uitvoer nie? Ek bedoel hierdie 'heavy' geleerde mense (verskoon my as ek die mees onlangse een wat ek gelees het ophaal van Murray Janson wat sê dat onderdanigheid in gedagte was vir en sekere samelewing lank gelede (Ek wil nie die man se naam oneer aandoen nie, )Wat op aarde maak ons dan met die TALLOSE voorbeelde (oud en nuwe Testamentiese) wat weerspreek dat en VROU die HOOF van die huis is? (Ek wil nie 'n boek skryf nie, maar daar is BAIE) Die hoof van die besigheid mag dus nie sy besigheid bestuur volgens goeie gedrag nie (die teagirl sekretaresse neem die besluite, en by ons huise draai ons die rolle ook om.
20. Dit het my man nege jaar geneem om te verstaan dat ek nie die hoof is van my huis nie, en dat ek ook nie die hoof wil wees nie. Ook dat ek niks sal doen wat nie sy seën wense wegdra nie, (ook nie Bybelstudie half vyf in die more nie. Ek het maar so geredeneer- my gebedsvriendin is vir my kosbaar, maar dis vir my meer belangrik om die Here te gehoorsaam, en ek glo nie Hy gee teenstrydige opdragte nie. Per slot van sake is die Here ALTYD met my. Hy belowe dit, en as Hy dit belowe het. dan doen hy

21. Dit het hom ook nege jaar geneem om die finansiële verantwoordelikheid van die huls te aanvaar. Met baie skade en verlies, maar meer seen as wat woorde kan uitspreek. Dit laat my klein voel. Was alt eintlik maar al wat ek moes gedoen het om die Here se stem en Gees In my lewe KRAGTIG te sien werk? Om die pos van hoof van die huis te abdikeer ? Dit kom nie natuurlik by my of enige ander vrou nie. - Ek bedoel, watter regdenkende mens wil nou altyd aan iemand verslag doen, goedkeuring vra en bevele gehoorsaam ? Alleen kon ek oorsee gaan en enigiets doen wat ek wou. Hoekom moet ek, ek van alle mense? Omdat God se woord so sê, en omdat daar ORDE is in God se Koninkryk.
22. Veronderstel ek en my man verskil oor 'n saak (enige saak) vanaf kinderopvoeding tot TV kyk . (Ons is nie van die getroudes wat soos handskoene pas nie). Ek probeer hom oortuig van my standpunt nadat ek als eers met die Here uitgesorteer het. Per slot van sake het Hy die heelal en die hemel en die aarde gemaak. Sekerlik kan die probleem wat ons het nie groter as dit wees nie? As ek nie hom kan oortuig van my standpunt nie vra ek vir die Here om my man anders te oortuig. Indien die Here verkies om dit nie te doen nie, berus ek daarby. Dis eenvoudig. Ek volg die reëls van die spel Soos die Here my al oortuig het, wyk ek ook nie regs en links af nie '( als maak my deurmekaar)
23. Indien my man met 'n onsinnige voorstel kom, wat ek oortuig van is dat dit SONDE is, vra ek die Here om my man van plan te laat verander. Dis ook 'n eenvoudige reël. Die evangelie is 'n kwessie van gehoorsaamheid. Dit is egter nie maklik nie. Ek dink altyd dat dit Maklik is om in rebellie te wees, en om te weier en om op my EIE regte te staan. Al die veroordeling want "kan ek as vrou dan nie op my eie voete staan en my eie besluite neem nie?" ens. maak als moeilik.
24. Ek laat myself ook nie toe om in argumente betrokke te raak met myself oor of dit wat hy van my vra sonde is of nie (As dit nie sonde is nie, dan sal ek dit doen, as dit sonde is, doen ek dit nie.) 'n Mens is OF onderdanig, OF nie onderdanig nie. Dis eintlik eenvoudig. Dis hoe die evangelie van Jesus Christus van Nasaret werk -Jy kom OF In die hemel, OF jy kom nie daarin nie. Die Here gee nie teenstrydige opdragte nie, en ek hoef nie eendag verslag te doen oor wat my dominee of die tandarts of my man met die evangelie gedoen het nie. Die Here ken elke mens se hart. Hy weet hoe ek (en alle ander mense) redeneer. Ek het Horn al talle kere gevra om my verkeerd te bewys as ek verkeerd redeneer oor die onderwerp, of as ek opstandig raak oor 'n praatjie waarna ek luister of 'n artikel wat ek lees. Die Here bevestig telkemale dat ek op die regte pad is.
25. Ek het In ander man as die een waarmee ek getrou het. Dit is nie deur eie toedoen of dat ek enige iets verdien nie. Ek verwonder my as mense sê jy kan nie iets aan 'n saak doen nie. My saak was In hopelose saak (soos alle sondaars se saak hopeloos is) Die satan haat my met passie (soos

wat hy alle kinders van die Here haat) Ek weet egter dat die Here sê dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie en dat ons nie links of regs hoef te kyk nie, want Hy is met ons.

26. Ek dink die onderwerp van vrouens se onderdanigheid aan hulle mans is naas die slagting van Jode deur Hitler en die gevolge van apartheid die derde mees ongewilde onderwerp om oor te praat vir die moderne mens. Ons hou daarvan om dinge te hoor wat nie vibrasies maak nie en nie te veel van my vra nie. Ons het wêreldgelykvormig geword, en dink soos die media alte graag wil hê. Alles is gelyk (was dit nie Jean Jacques Rossouw (verskoon tog die Franse spelling) wat daarmee begin het tydens die Franse rewolusie nie?(vryheid, gelykheid en broederskap vir almal?)

27. Herlewing Is iets wat eers in jou hart moet gebeur, en dan in jou huis voordat daar iets in die gemeenskap sal gebeur. Soos my gebedsvriendin altyd vir my sê : Vertrou God en leef gehoorsaam. Die evangelie is kwessie van gehoorsaamheid. God weet wat Hy doen. As Hy 'n riglyn gee, glo Hom dat als sal werk. Die satan weet dit werk, daarom doen hy ALLES in sy vermoë om jou te oortuig dat jy dit nie moet volg nie.

28. Ek is van daardie mense wat moet se dat God gelukkig vir my so lief gehad het, dat Hy Sy Enig-gebore Seun gegee het (Joh. 3 : 16), sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie. Ek vra elke dag vir Hom onder meer dat Hy daardie vrede waarvan Fil. 4:8 praat. wat ALLE verstand te bowe gaan oor my huis sal uitstort. Titus 2 : 4-5 (een van die 9 plekke in die nuwe testament wat praat oor vrouens se onderdanigheid) sê dat ons nie God se woord in diskrediet moet bring deur ongehoorsaam te wees aan Sy reëls nie. Volg dit. Die Here belowe Lewe in oorvloed, wat Hy ook in oorvloed gee. Dit is herlewing

Die Here seën u en u huis en ons kerk

Groete,